INNIBOSPROGRAM 2017

Hierdie program is onderhewig aan veranderinge.

TONEEL

Toneel: Drama

Die Nag van Legio

Met André Roothman, Gerben Kamper, Deon Lotz, Duncan Johnson, Hein Poole, Francois Potgieter, Francois Jacobs, Riaan Visman.
Teks: PG du Plessis
Regisseur: Albert Maritz
Stelontwerp en beligting: Gaerin Hauptfleisch en Albert Maritz
Gradering: Geen o/16
Datum en tyd: Di 4 Jul 10:00, Wo 5 Jul 19:00, Do 6 Jul 10:00, Vr 7 Jul 19:00, Sa 8 Jul 09:00
Venue: Nelspruit Stadsteater
Tydsduur: 100 minute
Prys: R142
Debuut
Ondersteun deur NATi

Die drama *Die nag van Legio* wat in 1972 die Hertzogprys gewen het, is ’n tydlose drama uit die pen van PG du Plessis.
In die sielkundige riller word die konfrontasie tussen die karakters in een nag voltrek. Die gebeure speel af in ’n inrigting. Die lewe van vier pasiënte word onherroeplik verander met die koms van Dogoman. Een van hulle, Dirk Jooste, ken Dogoman en sy vermoë om mense se geloof uit te buit en kom in opstand teen hom. Met meesterlike manipulasie en vleitaal sweep Dogoman die ander teen Dirk Jooste op. Wat dan ontvou, is ’n spanningsvolle sielkundige riller wat die stryd tussen goed en kwaad uitbeeld en die gehoor behoorlik laat regop sit.
Hierdie drama doen presies dit wat ’n drama moet doen – dit gryp aan die hart en skop in die maag. Hierdie is een van die meesterwerke van die moderne Afrikaanse teater en is vandag nog net so aktueel soos wat dit 44 jaar gelede was.

Toneel: Drama/Bewegingsteater/Musieteater

Altaar

Met Christia Visser, Crystal-Donna Roberts, Carla Smith, André Terblanché, Oarabile Ditsele, Heinrich Franse en Sive Gubangxa
Teks: Hennie van Greunen / Nico Scheepers
Regisseur: Nico Scheepers / Hennie van Greunen
Musiek: Pedro Kruger
Ontwerp: Nico Scheepers
Vervaardiger: Wordsmith’s Theatre Factory
Gradering: Geen o/16
Datum en tyd: Di 4 Jul 09:00, Wo 5 Jul 14:00, Do 6 Jul 18:00, Vr 7 Jul 09:00, Sa 8 Jul 13:00
Venue: Nelspruit Laerskool
Tydsduur: 90 minute
Prys: R137
Debuut
Ondersteun deur NATi

Sewe vriende, Model *C-born frees*, gaan stap vir oulaas saam in die Sederberge voordat hul lewens verskillende rigtings inslaan. Geen selfoon-ontvangs, geen wi-fi ... en dan ’n oer-woedende storm wat hulle vaskeer in die grot waar hulle skuil.
Om ’n groot klip, soos ’n altaar, in ’n gedeelte van die grot wat weens die storm oopgeval het, doen die pêlle wat hul generasie doen as hulle in ’n krisis is: Hulle hou partytjie.
Mettertyd vervaag die musiek, die hip-hop-tromritme raak ’n hartklop en die boesmantekeninge op die altaarklip gaan oop vir die een wat ’n geleier word vir al die stories: Ook dié van die jongste dogter van een van die voorste struggle families in die land en haar geliefde, ’n sewende generasie boerseun.
Hierdie sewe jongmense probeer hulle plek vind in die land, teen die agtergrond van hulle geskiedenis, hulle drome, maar ook hulle woede.
Twee bekroonde teatermakers, Hennie van Greunen en Nico Scheepers, span saam in ’n produksie wat in woorde, sang, beweging en ongelooflike visuele tonele die storie aan ons vertel.

Toneel: Komedie
Is die bar al oop?
Met Esther von Waltsleben, Dion van Niekerk, Thys Heydenrych, Chanmari Erasmus, Ané van den Berg en Charl Henning.
Teks en regie: Nico Luwes
Tegnies: Adriaan de Ridder
Gradering: Gesin
Datum en tyd: Wo 5 Jul 10:00, Do 6 Jul 16:00, Vr 7 Jul 10:00, Sa 8 Jul 15:00
Venue: Lowveld High School
Tydsduur: 80 minute
Prys: R137
Debuut
Is die bar al oop? is die eerste vraag wat manne by ’n kunstefees vra. In hierdie klug is die bar beslis wawyd oop! Popeye Smit en sy vrou Bianca-Joy berei ’n stylvolle Chinese ete voor vir hul dogter se skoonouers. Die skoonpa, dr. Neels Badenhorst is ’n snobistiese, pyn-in-die-alie narkotiseur en sy vrou, Roxy is ’n warm verpleegstertjie en ’n kampioen *kick-boxer* met ’n swak vir *shooters.* Popeye kan Neels nie verdra nie en nog minder die pretensie waarmee die belaglike ete gepaardgaan. Tydens die ete en met die hulp van ’n paar doppe Saki rafel hulle behoorlik uit en ou komiese koeie staan uit die dode op. Met so ’n spul uiteenlopende komiese karakters vlieg dubbelsinnighede rond en dinge begin regtig prettig handuit ruk. Teen die tyd wat die getroude kinders opdaag om na die trouvideo te kyk, bars chaos los en die kinders neem ’n vreemde, komiese besluit om die krisis te ontlont. Vir die hele gesin en sonder vloekwoorde – net pret!

Toneel: Eenmanvertoning
Rian met Rian
Met Rian van Heerden
Teks en Regie: Rian van Heerden
Gradering: Geen o/16 (T)
Datum en tyd: Wo 5 Jul 14:00, Do 6 Jul 19:00, Vr 7 Jul 09:00, Sa 8 Jul 13:00
Venue: Nelspruit Stadsteater
Tydsduur: 55 minute
Prys: R127
Debuut

Eendag lank, lank, gelede het Rian van Heerden elke jaar ’n hoogs kontroversiële eenman-produksie na die planke gebring. En toe? Wel, toe gaan maak hy vir ’n ruk moeilikheid op die ontbytprogram van Jacaranda FM! Byna 6 jaar later en kort na sy uittrede as berugte aanbieder van *The Complimentary Breakfast* bring Rian (ook bekend as “daai bliksem in die oggende”) ’n splinternuwe eenman-vertoning na Innibos. Na sowat 1867 onderhoude doen Rian hierdie keer ’n uiters openbarende onderhoud met homself! Rian sal baie indringende vrae aan Rian stel en Rian sal heeltemal te eerlik antwoord. Van gewig verloor tot gays, van “sheep shaggers” en Moses tot saansdansers en tokkelossies, van Grieke tot die Rand en wat regtig daardie aand in Mexico City gebeur het! Verwag ’n vertoning wat soos gewoonlik iemand die saaldeur sal laat toeklap met verontwaardiging. Dis maar hoe ons hom ken, of hoe?
Maak seker dat jy nie hierdie vertoning misloop nie. Jy sal dalk spyt wees, maar nie hy nie...

Toneel: Eenmanvertoning
Op my eish!
Met Neels van Jaarsveld
Teks en Regie: Neels van Jaarsveld
Musiek: Ryno Velvet
Gradering: Gesin
Datum en tyd: Wo 5 Jul 10:00, Do 6 Jul 14:00, Vr 7 Jul 18:00, Sa 8 Jul 09:00
Venue: Bergland Laerskool
Tydsduur: 50 minute
Prys: R122
Geborg deur Buffelsfontein Baard-Olie & Jimmys Souse
Al ooit gewonder hoe dit moet voel om oornag volksbesit te word? Om in ’n oogwink te gaan van klein paddavisvangende Kuilsrivier-seuntjie na ’n huishoudelike naam? Huidig word Neels van Jaarsveld beskou as een van Suid-Afrika se veelsydigste akteurs.
Innoverend. Inspirerend. Fassinerend. Wille tye. Warrel tye. Hou verbye. Introspeksie. Min direksie. Baie direksie. Narkolepsie. Mylpale. Vol sale. Bondig. Boeiend. Bindend. As akteur in *Jagveld*, *Vir die Voëls*, *Die Rebellie van Lafras Verwey*, *’n Man soos my Pa*, *Knysna*, *Bloedbroers*, *Fluiters*, *Getroud met Rugby*, *Binnelanders, Boks*, *Die Goue Seun*, *Innierof* bied Neels van Jaarsveld jou ’n *backstage pass* na die beste en snaaksste stories van sy lewe, die vermaaklikheidsbedryf en sy kinderdae. Dinamiet kom immers in klein pakkies. ’n Outobiografiese tuimeltrein gebaseer op ’n ware verhaal. Om die waarheid te sê, dis heel moontlik als die waarheid.

Toneel: Drama
Asem
Met Antoinette Kellermann, Tinarie van Wyk Loots, Stian Bam en Edwin van der Walt.
Regie, ontwerp en vertaling: Marthinus Basson
Teks: Reza de Wet (Oorspronklike werk *Breathing in*)
Beligtingsontwerp, produksie- en verhoogbestuurder: Chris Pienaar
Assistent verhoogbestuurder: Rynhardt van Blerk
Vervaardiger: Kunste Onbeperk
Gradering: geen o/16 (G S N)
Datum en tyd: Di 4 Jul 19:00, Wo 5 Jul 09:00, Do 6 Jul 15:00, Vr 7 Jul 12:00, Sa 8 Jul 16:00

Venue: Nelspruit Stadsteater
Tydsduur: 130 minute (pouse ingesluit)
Prys: R142
'n NATi / Feesteforum-produksie
Een donker, stormagtige aand gedurende die laaste bitter dae van die Suid-Afrikaanse oorlog, in 'n uitgebrande skuur van 'n plaas lê 'n gewonde Boeregeneraal wat versorg word deur Anna, 'n kruiedokter wat oor uitsonderlike magte beskik. Haar aantreklike, maar bloedlose dogter, Annie, is ook besig om te veg vir haar lewe, maar het veel meer nodig as haar ma se konkoksies. Die generaal se dapper en getroue adjudant, gebrei deur die slagveld en die afgryse van die oorlog, staan nou voor 'n verskriklike keuse en 'n nuwe onnoembare gevaar. In die wêreld waar mans, in die naam van patriotisme lewens en landskappe vernietig, moet vroue meer subtiele en misterieuse metodes ontwikkel om te oorleef. De Wet verweef digterlik en kragtig 'n verhaal van liefde in 'n tyd van vernietiging, wat die alledaagse omskep in die uitsonderlike. Hierdie is 'n huldigingsproduksie aan die ontslape dramaturg, Reza de Wet – een van Suid Afrika se belangrikste en meer invloedryke toneelskrywers.

Toneel: Drama
Fiela se Kind
Met Shaleen Surtie-Richards en Marissa Claasen, Jaime du Toit, Edrien Erasmus, Johny Klein, Paul Lückhoff, Divan Prinsloo, Vian Singleton, Graigan Swartz, Marilise van Wyk, Phillru van Achterbergh, Nardus van der Vyver en Dirk Vermeulen
Teks: Dalene Matthee (Verwerk deur Suzanne van Wijk, herverwerk deur Frans Swart)
Regie: Frans Swart
Gradering: Gesin
Datum en tyd: Wo 5 Jul 10:00, Do 6 Jul 18:00, Vr 7 Jul 10:00, Sa 8 Jul 09:00
Venue: NG Moedergemeente-kerksaal
Tydsduur: 150 minute (pouse ingesluit)
Prys: R142
Die bruin vrou Fiela Komoetie het haar wit vondelingkind Benjamin met liefde en trots grootgemaak tot die dag nege jaar later dat die sensusmanne hom kom haal het. "Hulle het hom net kom vat … sommer net so!" het Fiela Komoetie gesê. Aan die ander kant van die berg, in die Bos, woon die houtkapper Elias van Rooyen en sy vrou Barta, wie se driejarige Lukas weggeraak het. Is Benjamin en Lukas dieselfde kind? Jare later worstel Benjamin/Lukas self met die vraag: wie is ek? Hy móét weet, anders kan die vrou wat hy liefgekry het nooit syne wees nie. Die antwoord is daar, weet hy: iewers in homself, diep verskuil in die verlede, al bly dit hom ontwyk. Hierdie tydlose treffer sal feesgangers steeds aan die hart raak.

Toneel: Drama
Beurtkrag
Met Ivan Botha en Donnalee Roberts
Verhoogteks verwerking: Stiaan Smith, Ivan Botha, Donnalee Roberts,Jozua Malherbe, Saartjie Botha
Regisseur: Jozua Malherbe
Klank & Beligtings Ontwerp: Kobus Visser
Stelontwerp: Bathoni Robinson
Verhoog Bestuurder: Adriaan van As

Produksie Bestuurder: Jessica Fitzcharles
Vervaardiger: Ivan Botha en Donnalee Roberts
Gradering: Geen o/14 (T)
Datum en tyd: Wo 5 Jul 18:00, Do 6 Jul 10:00, Vr 7 Jul 14:00, Sa 8 Jul 16:00
Venue: Bergland Laerskool
Tydsduur: 60 minute
Prys: R127
Wanneer Jasper en Fransie vir die eerste keer saam intrek tref beurtkrag hulle. Wat veronderstel was om die perfekte onthou-dag te wees ontaard in 'n aand waarin hulle verhouding se rou bagasie oopgekrap en uitgepak word en hulle word geforseer om na die donkerste plek van hulle verlede te gaan. Die oënskynlike perfekte verhouding word skielik onder 'n vergrootglas geplaas en vat vlam. Is die vuurtjie knus en koesterend of uiteindelik die verwoesting van hul verhouding? Wat gebeur wanneer die deur na die buitewêreld toegemaak word en ons vir 'n oomblik mekaar opreg en ten volle moet beleef ... Het die een wat die minste omgee dalk die meeste mag? Beurtkrag is ’n verhoudingsdrama wat al die breekbare bagasie van verhoudings aan die lig bring en fokus op die kwesbaarheid tussen geliefdes.

Toneel: Drama
So ry Miss Daisy
Met Sandra Prinsloo, John Kani, Christiaan Olwagen
Teks: Alfred Uhry
Regie: Christiaan Olwagen
Stelontwerp: Rocco Pool
Beligtingsontwerp: Wolf Britz
AV ontwerp: Jaco Bouwer
Kostuums: Birrie le Roux
Vertaler en vervaardiger: Saartjie Botha
Gradering: Gesin
Datum en tyd: Di 4 Jul 19:00, Wo 5 Jul 09:00, Do 6 Jul 14:00, Vr 7 Jul 19:00, Sa 8 Jul 09:00
Venue: Nelspruit Laerskool
Tydsduur: 65 minute
Prys: R142
Ondersteun deur die AK21
Uiteindelik is John Kani en Sandra Prinsloo weer saam op die verhoog. Die bejaarde Daisy Viljoen is aanvanklik onwillig wanneer haar seun ’n chauffeur, genaamd Hoke, vir haar aanstel as motorbestuurder nadat sy haar kar afgeskryf het. Die verhouding trek weg met stampe en stote, maar duur uiteindelik 25 jaar: ’n vriendskap wat oor die destydse kleurgrens en sosiale stand heen boei en groei.

Toneel: Komedie
#dowwedolla
Met Margit Meyer-Rödenbeck
Teks en lirieke: Jurgen Human
Musiek en spelleiding: Emile Minnie
Gradering: Geen o/13 (Ouma Dowe Dolla gebruik gekruide taal)
Datum en tyd: Di 4 Jul 19:00, Wo 5 Jul 19:00, Do 6 Jul 11:00
Venue: Stuttaford Laeveld Laerskool
Tydsduur: 80 minute

Prys: R127
In hierdie nuwe eenvrou-vertoning storm Dolla die gevaarlike kuberruimte in om die verskil tussen Twitter, Facebook, Instagram en Solitaire te probeer ontsyfer. Sy onthul die werklike redes hoekom vrouens nog mans op sleeptou neem, sy ontleed Suid-Afrika se beheptheid met braai uit 'n blonde sielkundige oogpunt. In die proses word ingewikkelde onderwerpe soos trofeejag, homopatie, arachnofobia en hondsdolheid onder die vergrootglas geneem. En vir die eerste keer, maak ouma Dowe Dolla (vertolk deur Margit Meyer-Rődenbeck) ook haar verskyning op die verhoog om 'n meer historiese (of is dit nou histeriese?) perspektief op die alledaagse gebeure in ons land te gee. Verwag in hierdie woorde-tsunami 'n lag per minuut van Suid Afrika se gunsteling blondine.

Toneel: Drama
Koöperasiestories
Met Chris van Niekerk, Marion Holm, Margit Meyer-Rődenbeck, Carel Nel en Wessel Pretorius
Teks: Alexa Strachan na gelang van PG du Plessis se skrywe
Regisseur: Sandra Prinsloo
Gradering: Gesin
Beligting en stelontwerp: Juanita Ferreira
Datum en tyd: Di 4 Jul 14:00, Wo 5 Jul 12:00, Do 6 Jul 18:00, Vr 7 Jul 09:00, Sa 8 Jul 15:00
Venue: Stuttaford Laeveld Laerskool
Tydsduur: 75 minute
Prys: R132
"Burgemeester Genis is beswaard. Diep beswaard. Daar is mense wat sonder eer aan die volgende plaaslike verkiesing deelneem, die dorpsbestuur is in wanorde en die regering is net daar vir sekere mense om hul sakke te vul…" Du Plessis se bekende verhale speel af in 'n kleindorpse omgewing. Dis 'n vorige era, maar soos tipies van al sy werk is die karakters en hul probleme tydloos. Ons herken onsself in die skynheiligheid, geskinder en onderlinge twis van die karakters. Onderliggend bly egter die deernis. Dis volksteater, vol lag en 'n bietjie traan.

Toneel: Tragi-komedie
Amper, Vrystaat
Met Antoinette Louw, Milan Murray, Cintaine Schutte
Teks: Antoinette Louw, Milan Murray, Nico Scheepers, Cintaine Schutte
Regie: Nico Sheepers
Ontwerp: Nico Scheepers
Gradering: Geen o/16
Datum en tyd: Wo 5 Jul 19:00, Do 6 Jul 10:00, Vr 7 Jul 16:00, Sa 8 Jul 14:00
Venue: NG Moedergemeente-kerksaal
Tydsduur: 60 minute
Prys: R132
Mense sê die Vrystaat is waar geheime die emmer skop, waar die aarde so plat is jy sien jou toekoms as jy 'n windpomp klim. Drie vervreemde susters ontmoet vir Ma se begrafnis in Amper, 'n dorpie duskant nêrens. Daarby het die vreemde omstandighede rondom hulle ma se dood die hele kontrei aan die gons...
Daar is die ousus wat net aan haarself dink, die suster met haar vyf kinders wat te midde van lysies en reëls probeer oorleef en die kleinsus wat groot nuus het om met die familie te deel.

Amper, Vrystaat is ’n komedie met hart. ’n Storie met waarheid wat elke mens raak. Daarby het elke mens het ’n geheim...
Die produksie ontvang Beste Debuutproduksie by die Vrystaat Kunstefees 2015, vyf Fiësta-nominasies in 2016, en Beste Produksie by Aardklop 2016.

Toneel: drama / komedie
Dop
Met André Odendaal en Wilhelm van der Walt
Teks: Retief Scholtz
Regie: Sylvaine Strike
Gradering: Geen o/13 (OB)
Datum en tyd: Wo 5 Jul 14:00, Do 6 Jul 18:00, Vr 7 Jul 10:00, Sa 8 Jul 14:00
Venue: Nelspruit Primary
Tydsduur: 90 minute
Prys: R127
Frank Venter is die man op straat. Die een van duisende daarbuite wat min ooit sal ken en nog minder sal onthou. Soos elke mens het Frank ’n storie. Niemand luister na sy storie nie. Dit is dan tog nie so indrukwekkend nie, of is dit?
Frank sit in ’n kroeg. Dis sy verjaarsdag. Buiten vir die kroegman, Tim, is Frank alleen in die kroeg - soos in sy lewe. Beide het iets van die ander een nodig. Frank ’n klankbord om sy bestaan te bevestig en Tim die regte woorde om sy hart uit te praat. In wyn lê die waarheid… Soos wat die aand ouer word, word maskers afgehaal, harte blootgelê en talente van vervloë dae opnuut ontdek. In sinnelose kroegpraatjies en gesprekke sonder ’n punt is daar waarheid en is daar emosie. Sonder pretensie of voorgee.

Toneel: Skerpskerts
Schalk Bezuidenhout - Voksbesit
Met Schalk Bezuidenhout
Teks en regie: Schalk Bezuidenhout
Vervaardiger: Erns Grundling
Gradering: Geen 0/14 (T)
Datum en tyd: Sa 8 Jul 12:00
Venue: Lowveld High School
Tydsduur: 75 minute
Prys: R127
Ná die sukses van verlede jaar se *Schalk Bezuidenhout Lewendig* is dié krulkopkomediant met sy truitjies en skerp tong terug by Innibos met ’n splinternuwe vertoning. Want of Schalk nou besig is om meisies op *Die kliek* te vergesel op romantiese uitstappies, die geliefde Danny te vertolk in *Hotel* of vlymskerp waarnemings deel in *Jou nuusminuut*, een ding is ’n feit: Schalk Bezuidenhout laat mense skaterlag. Kom kyk hoe hy die draak steek met homself, onsself en hoe hy al wat heilige koei is na die slagpale lei. Bespreek gou, die kaartjies gaan vlieg nog voor jy kan sê: “My goeie voksbesit!”

Toneel: Drama
Moedertaal
Met Sandra Prinsloo
Teks, regie en musiek: Nico Scheepers
Gradering: Geen 0/12 (T)
Datum en tyd: Wo 5 Jul 18:00, Do 6 Jul 10:00, Vr 7 Jul 13:00

Venue: Nelspruit Laerskool
Tydsduur: 65 minute
Prys: R127
Elke mens se lewe is ’n epiese een, as jy op die regte manier daarna kyk. Vir Nellie, oud en lank al alleen, kom berusting in die vorm van herinneringe: haar man, haar kind, en die onvermydelike rivier van tyd, wat net in een rigting vloei ... Na die ongelooflike sukses van *Die naaimasjien* en *Oskar en die pienk tannie* keer Sandra Prinsloo terug in ’n nuwe woordryke solovertoning, *Moedertaal*, ’n beeldskone verhaal van deernis en liefde uit die pen van die veelbekroonde Fiësta-wenner Nico Scheepers.

MUSIEK

Musiek: Musiekteater
Flennie die snare
Musiek: Musiekteater
Flennie die snare
Met Chris Chameleon, Anna Davel, Daniella Deysel, Riaan van Rensburg, Jaconell Mouton, Johny Klein en Mauritz Lotz
Teks: Frans Swart
Toonsettings: Anna Davel, Chris Chameleon, Laurika Rauch, Louis van Rensburg, Rudolph Pretorius en S Le Roux Marais
Musikale regie: Jaconell Mouton
Regie: Frans Swart
Gradering: Gesin
Datum en tyd: Wo 5 Jul 18:00; Do 6 Jul 10:00; Vr 7 Jul 15:00; Sa 8 Jul 15:00
Venue: Nelspruit Hoërskool Ouditorium
Tydsduur: 90 minute
Prys: R142
Boerneef is vanjaar vyftig jaar gelede oorlede. In hierdie produksie word daar hulde gebring aan hierdie besondere Suid-Afrikaanse digter en skrywer. Vele van Boerneef se klankryke gedigte is oor die jare getoonset deur sangers en musiekmense en omskep in besonderse liedjies. Liedere soos *Voshaarnooi* en *Die berggans het ’n veer laat val* het volksbesit geword. Voeg daarby Boerneef se raak beskrywings van sy geliefde Boplaas, die stad Kaapstad en die kleindorpse lewe. In *Flennie die snare* stap ons Boerneef se pad met splinternuwe en ou toonsettings deur Rudolph Pretorius en ’n lekker loslitteks deur Frans Swart.

Musiek: Kontemporêr
Elvis Blue - Kaal
Met Elvis Blue, Hiram Koopman, Raymond Green, Thinus Odendaal, Neil Engel en Bez Roberts.
Teks en musiekregie: Elvis Blue
Gradering: Gesin
Datum en tyd: Wo 5 Jul 10:00; Do 6 Jul 14:00; Vr 7 Jul 19:00; Sa 8 Jul 10:00
Venue: Nelspruit Hoërskool Ouditorium
Tydsduur: 100 minute
Prys: R132
Wil jy Elvis Blue “kaal” sien? Kom geniet ’n produksie waar jy Elvis Blue sal ervaar soos nog nooit van tevore nie. Die befaamde liedjieskrywer en kunstenaar se werke is die afgelope 5 jaar reeds alom bekend, maar in hierdie roerende vertoning,

begelei deur 5 gesogte musikante, sal jy oud en nuwe liedere uit die kunstenaar se pen hoor soos nog nooit tevore nie. Rou, eerlike musiek word briljant vertolk! Kom luister na die stories, aangrypende staaltjies, die oorsprong van sy liedere en kom ervaar 'n eg Suid Afrikaanse Elvis Blue – heeltemal kaal gestroop.

Musiek: Kontemporêr
Ses Snare Tuisgemaak
Met Blackie Swart, Pieter Smith, Leon Ecroignard, MD Greyling, Peter Hoven, Rick Swart
Gradering: Gesin
Datum en tyd: Do 6 Julie 2017 19:00
Venue: Nelspruit Hoërskool Ouditorium
Tydsduur: 75 minute
Prys: R142
Debuut
Ses Snare bring vanjaar 'n splinternuwe program na Innibos. *Tuisgemaak* is 'n produksie met musiek deur Suid-Afrikaanse kunstenaars wat plaaslik sowel as op die wêreldverhoog sukses behaal het. Daar is musiek van Johnny Clegg, Ballyhoo, Vusi Mahlasela, Mango Groove, Arno Carstens, Coleske, Ladysmith Black Mambaso en nog vele meer. Musiekliefhebbers wat LM-radio, Springbok-radio se treffersparade en die Springbok-plate met die skamel geklede meisies op die buiteblad onthou, sal verras word met 'n klompie treffers uit daardie dae. Die musiek kry die unieke Ses Snare-behandeling met verwerkings vir ses stemme en kitare, hope kitaarsolo's en interessante harmonieë.

Musiek: Kontemporêr
Jak de Priester – 15 Jaar met klavier en kitaar
Met Jak de Priester, Altus Muller (klavier) Heinrich Pelser (kitare)
Musiekregie: Jak de Priester
Gradering: Gesin
Datum en tyd: Do 6 Jul 18:00; Vr 7 Jul 10:00; Sa 8 Jul 12:00
Venue: Bergland Laerskool
Tydsduur: 90 minute
Prys: R132
Jak de Priester vier 15 jaar in die musiekbedryf met 'n splinternuwe konsert en die bekendstelling van 'n nuwe album getiteld 15. Hierdie is 'n baie persoonlike album en die opvoering bevat liedjies wat die hartsnare sal roer. *Boervrou*, *Stuur liefde aan ou Toks*, *Drakensberge liefde*, *Vriendskap se water*, *Soen die reën*, *As is verbrande hout*, *Niemand neem hul kwalik* is maar net paar van die nuwe titels op die album. Wees gereed vir 'n reis na gister, na vandag en na more saam met Jak de Priester.

Musiek: Musiekteater
Bonjour Monsieur Brel
Met Jannie du Toit, Susan Mouton (tjello), Coenraad Rall (klavier)
Musiekregie: Jannie du Toit
Samestelling en bindtekste: Juanita Swanepoel
Musiekverwerkings: Clinton Zerf, Matthys Maree
Afrikaanse vertalings en teksversorging: Naòmi Morgan
Gradering: Gesin
Datum en tyd: Vr 7 Jul 14:00
Venue: Stuttaford Laeveld Laerskool

Tydsduur:80 min
Prys: R132
Jannie du Toit sing Jacques Brel se tydlose, beeldryke tekste in Afrikaans, Frans, Engels en Nederlands met begeleiding deur klavier, tjello en akkordeon. Brel se geniale beeldende skryfwerk kom hier na vore – ’n getuigskrif vir die ongeëwenaarde seggingskrag van die grootste *chansonnier* van die 20ste eeu. Bekende treffers asook meer onbekende, ewe briljante werk is ingesluit, terwyl daar ook met bindingsteks verbande tussen liedere en gedigte gelê word.

Musiek: Musiekteater
Kiekies – Lucas se liedjies
Met Jannie du Toit en Thean Kotze
Gradering: Gesin
Datum en tyd: Sa 8 Jul 10:00
Venue: Nelspruit Primary
Tydsduur: 90 min
Prys: R127
Jannie du Toit en Thean Kotzé vertolk Lucas Maree se tydlose liedjies in ’n gestroopte, poëtiese en akoestiese styl.
Lucas se lirieke spreek van ideale, wysheid en drome en is hoogstaande woordkuns. As kenmerkende 60’s-folk-kunstenaar het hy ’n verskeidenheid genres in sy musiek vervleg – van peinsende ballades tot ’n tikkie reggae.
Jannie en Thean werk met agting met die nalatenskap van hul gewaardeerde vriend, kollega en legende, oftewel die *Groot Beer* in Coenie de Villiers se woorde. Met stem en snaar, vernuf en verbeeldingrykheid huldig hulle Lucas se uitsonderlike menswees en kreatiewe gees.

Musiek: Kontemporêr
Stef Bos - Bos innie Bos
Met Stef Bos
Debuut
Musiekregie:Nel Kooiman
Gradering: gesin
Datum en tyd: Vr 7 Jul 19:00, Sa 8 Jul 10:00
Venue: Stuttaford Laeveld Laerskool
Tydsduur: 70 min
Prys: R127
’n Reis deur die tyd, deur die land en deur die wêreld met stories en *songs.* Van *Hillbrow* tot *Die taal van my hart*. Van *Suikerbossie* tot *Papa*. ’n Reis van *Gods Window* naar Komatipoort, van Naboomspruit tot die *Tuine van die Kompanjie*, van buite naar binne, van die kop naar die hart.

Music Theatre
Gug’Othandayo The Musical Production
Written and directed by Bafana Dladla
Date and time: Thursday, 5 July 11:00
Venue: Lowveld High School
Duration: 70 minute
Price: Free

Gug’Othandyo (Getting old is a choice), the name of the production, was

conceptualized in 2012 when 19 Gogos (aged between 50 and 79) decided to take to the stage their personal stories, in particular the issues they face. These narratives, combined with song, revolve around their dealings and disappointments with government departments, such as the infamous South African Social Security Agency (better known as SASSA), and their memory of the trials and tribulations associate with being a domestic worker, among others.

KLASSIEKE MUSIEK EN KORE

Klassieke Kamers

Met Zanne de Lange, die Wits Trio, Johannes Slabbert, Dirkie & Talisa, CH2 en Elna van der Merwe.
Seremoniemeester: Christelle Webb Joubert
Gradering: Gesin
Datum en tyd: Do 6 Jul 18:00, Vr 7 Jul 18:00 en Sa 8 Jul 10:00
Venue: Church Unlimited
Tydsduur: 180 minute
Prys: R157
Druiwesap verskaf deur Van Loveren.

Hierdie is een van Innibos se vlagskip-produksies en beloof ’n uitsonderlike musiekervaring aan die feesgangers.

Hierdie is ’n intieme konsertreis saam met van Suid Afrika se gewildste klassieke kunstenaars. Hierdie kunstenaars tree in verskillende venues op dieselfde perseel op.

Met die aankoms kry gaste ’n verwelkomingsdrankie waar die talentvolle Dirkie van Staden en Talisa Symons van Dirkie & Talisa optree. Met kitaar en viool gaan hulle klassieke, Ierse, Spaanse en Afrikaanse klanke optower.

Die seremoniemeester en toerleier is radiopersoonlikheid Christelle Webb-Joubert wat gaste op hierdie heerlike musikale reis gaan neem. Sy vergesel die teatergangers na die kerk waar hulle Johannes Slabbert in aksie gaan sien. Hierdie veelbekroonde Suid-Afrikaanse tenoor neem ons op ’n reis deur die alombekende melodieë van Duitse operette, musiekteater en Afrikaanse kunsliedere met die oorkoepelende tema rondom *Liefde en Teleurstelling*. Met werke wat strek van My Fair Lady tot “Die Lustige Witwe” gaan die soektog na die mooiste liedere van alle tye, beslis vrugte afwerp. Hy word begelei deur die talentvolle pianis, Elna van der Merwe.

Daarna gaan gaste na die restaurant waar heerlike sop en brood bedien word.

Gaste beweeg dan na die volgende lokaal waar die Wits Trio ’n uitvoering gaan gee. Die Wits Trio tree vir die eerste keer by Innibos op met ’n hoogs romantiese werk van die Russiese komponis, Anton Arensky.(1861 – 1906). Kom verlustig jou in die warm klanke uitgevoer deur die drie befaamde kunstenaars: die violis Zanta Hofmeyr, die Poolse tjellis Maciej Lacny en pianis, Malcolm Nay. Arensky se musiek is beïvloed deur Tchaikovski en Rachmaninoff. Die Trio in d mineur, Opus 32 bestaan uit vier dele wat uit meesleurende melodieë en skitterende scherzo klanke bestaan.

Dan beweeg feesgangers na die volgende aandoenplek waar SAMA-wenners CH2 met hulle polsende kitaarritmes en virtuose spel gaan sorg vir opwinding. CH2 is dinamies, pret, opwindend-nuut in ’n eiesoortige styl wat ’n mengelmoes van Latyns, Spaans, Afrika en selfs klassieke musiek is. En net vir die pret gooi hulle ’n skeutjie nostalgie by hulle unieke klank. Soos altyd beloof hierdie optrede uit die boonste rakke te wees.

Die laaste aandoenplek is waar sopraan Zanne de Lange (voorheen Stapelberg) - een van Suid-Afrika se mees bekende operasangeresse – gaan optree. Hierdie immergewilde kunstenaar gaan van haar gunsteling werke uitvoer en die gehoor trakteer met opwindende, hartroerende, sielvolle en vurige opera arias en haar groot liefde - Spaanse musiek. Daar is selfs ’n Afrikaanse verassing op die program! Pianis Elna van der Merwe begelei haar.
Die klassieke kamers word afgesluit met ’n heerlike koppie koffie of tee met oudtydse krimpvarkies so reg uit die bos.
Hierdie produksie beloof musikale vuurwerke wat selfs die fynproewer sal tevrede stel.

Musiek: Koormusiek
Meridian Karino Innibos Koorfees
Met Dozi, verskeie plaaslike kore en ook die koor van Lady Grey.
Gradering: Gesin
Datum en tyd: Wo 5 Julie 18:00
Venue: Meridian Karino Independent School
Tydsduur: 60 minute
Prys: R52
Geborg deur Canary Walk.
Hierdie is ’n heerlike saamgestelde koorkonsert waar verskeie skoolkore saam met Lady Grey Academy en Dozi optree. Die program is ’n uitvloeisel van ’n weeklange koorslypskool waar bekende koorleiers soos Mariette Pitout verskeie kore uit die land sowel as omliggende gemeenskapskole se kore onder hande neem met werksessies en meesterklasse vir koorleiers. Kom verlustig jou in afgeronde kinderkoor-uitvoerings saam met Dozi en van ons land se beste kore. Padaanwysings na dié venue is op Innibos se webtuiste www.innibos.co.za beskikbaar by die produksiebeskrywing.

INNIBOS -CRAWLS

Innibos Township Crawl
Datum en tyd: Vr 7 Jul om 12:00
Bus optelpunt: NG Westergloed, Koraalboomstraat.
Tydsduur: 240 minute (4 ure)
Gradering: Gesin
Kaartjieprys: R302
Het jy al ooit gewonder hoe lewe in die townships is? Kom beleef dit saam met ons in hierdie nuwe, opwindende toevoeging tot die Innibos program!
Ons vertrek vanaf Die NG-Kerk Westergloed na KaNyamazane, besoek ’n gesin wat in ’n RDP huisie woon, eet lekker *chicken dust* en pap in die dorp, verlustig ons in die township ritmes van die KaNyamazane Pantsula-dansers, besoek ’n draadwerk-kunstenaar se tuis-ateljee en sluit die toer af met ’n uitmuntende vertoning van Afrika danse waarin die polsende ritmes jou totaal sal meevoer!
Dit is ’n belewenis wat jy nog lank sal onthou!

Innibos Kos*crawl*
Met Leroux van Vuuren, Jakkie Louw, Mareli Visser, Corli Botha, Mynhardt Joubert, World @ South Duo,
Datum en tyd: Vr 7 Jul om 9:00, 11:00 en 13:00
Beginpunt Hoërskool Nelspruit Boshuis

Tydsduur: 240 minute (4 ure)
Gradering: Volwassenes
Kaartjieprys: R252
Drinkgoed deur Van Loveren en bestanddele deur Checkers.
Sedert 2014 is die Innibos kos*crawl* een van Innibos se heel gewildste produksies. Dit is soos *pub-crawling*, maar hier word daar rondom kos, kokkedore, sjefs en kunstenaars gekuier.
Die feesgangers parkeer op die aangewese plek agter die Boshuis.
Die boshuis is die eerste aandoenplek. Hier kry hulle ’n verwelkomingsdrankie en ’n versnapering om die kos*crawl* saam met Jakkie Louw af te skop. Jakkie is ’n uithaler kok en gaan gesels oor beproefde kitsgeregte uit sy resepteboek *Bakkie Louw se Jak en Brou* en ’n paar geheime van sy ouma Frieda uitlap.
Dan stap feesgangers na Huis Hermann Davin waar Leroux van Vuuren gaan wys waarom hy so gewild agter die kospotte is. Hierdie eienaar van die restaurant *Lekka by die see* in Langebaan gaan Weskus-kos demonstreer en met sy eiesoortige humor dit beslis ook Lekka by Innibos maak.
Die pragtige Lynette de Jager en Dirkie van Staden van World @ South vermeng met viool en kitaar verskeie genres soos sigeuner, folk, kontemporêre flamenco en populêre musiek met ’n polsende ritme. Hulle gaan net die regte atmosfeer skep voor die hoogaangeskrewe sjef Mynhardt Joubert aan die beurt kom. Hy gaan tuisgemaakte sjokolade en spesery-roomys maak en bedien saam met ’n donker kunsbier as ’n float en chilli varkribbetjies saam met Van Loveren 5 jaar whiskey demonstreer.
Dan vir die letterlike kersie op die koek gaan feesgangers na Fleur de Lis restaurant waar die twee koekedoor-wenners hulle slag met die soetgoed gaan wys. Corli Botha gaan demonstreer hoe verskillende elemente en teksture ’n hele bomontploffing van smake in jou mond vorm en Mareli Visser gaan wys hoe oudtydse koekies ’n nuwe baadjie kan aantrek. Hertzoggies, skurwejantjies en gemmerkoekies is die sterre van die dag.
Tobias Kruger gaan met sy pragtige klavierspel hierdie soete ervaring afrond.
Vanjaar se Innibos kos*crawl* beloof een van die hoogtepunte op die program te wees. Moenie dit misloop nie!
Die feesgangers kry slegs ’n peuselhappie by al die aandoenplekke - nie ’n volledige ete nie.

Lekker Lag komedie-crawl by Ingwenyama Lodge
Met Dowwe Dolla, Casper de Vries, Soli Philander en Schalk Bezuidenhout.
Datum en tyd: Vr 7 Jul om 16:00, 17:00 en 18:00
Bus optelpunt: NG Westergloed, Koraalboomstraat.
Tydsduur: 240 minute (4 ure)
Gradering: Volwassenes (geen o/18)
Kaartjieprys: R302
Produksie geborg deur Distell en Ingwenyama Lodge.
By Innibos draai ons nie briek aan nie en stoom voort in die oortreffende trap met hierdie splinternuwe produksie spesiaal vir die manne (en brawe vrouens) wat ’n bietjie die sorge van die wêreld wil vergeet.
Dit is soos *pub-crawling*, maar hier word daar saam met die drinkgoed ook vermaak aangebied deur die land se top komediante en storievertellers. Maak jou dus reg vir ’n lekker dosis lagmedisyne.
Die feesgangers klim op ’n bus (optelpunt NG Westergloed) en ry dan saam met die toerleier na Ingwenyama Lodge naby Witrivier. Elkeen kry ’n doppie-koppie en ’n proesel lawaaiwater om die *crawl* met ’n skop af te skop.

By Ingwenyama Lodge is die eerste besoekpunt die boskapel waar daar ŉ heerlike drinkdingetjie met komplimente van die borg aangebied word. Dowwe Dolla gaan hier al haar streke uithaal en wys dat blondines glad nie so dom is nie ...
Dan beweeg die feesgangers saam met die toerleier na die tweede besoekpunt (Boma Braai Area) waar Distell tiermelk gaan voorsit. Soli Philander gaan hier sorg vir vermaak uit die boonste rakke en die lagspiere geolie hou.
Daarna stap feesgangers na Inyathi waar hulle ŉ spesiale shooter kry. Hier gaan Casper de Vries optree en feesgangers kan uitsien na histeriese improvisasies soos net Casper dit kan doen. Met Casper is daar geen reëls nie: alles en enige iets is moontlik.
Die laaste stop is die Sports Lapa waar hulle aan nog ŉ Distell spesialiteitsdrankie bekend gestel word. Schalk Bezuidenhout gaan hier wys waarom hierdie krulkopkomediant met sy vlymskerp waarnemings beskou word as een van die land se gewildste komediante.
Dan klim die feesgangers weer op die bus om die tog terug Nelspruit toe aan te pak.
Kontantkroeg beskikbaar by die aandoenplekke vir diegene wat ŉ ander soort drankie ook wil geniet.

INNIBOS BOEKE

Sappi Boeke-crawl

Met Lerina Erasmus, Albert Frost, Stef Bos, Deon Lotz, Joe Black, Andriette en Etienne van Heerden
Datum en tyd: Do 6 Julie 13:00, 15:00 en 17:00
Bus optelpunt: NG Kerk Westergloed se parkeerterrein, Koraalboomstr 36
Tydsduur: 240 minute (plus 60 min reistyd)
Gradering: Volwassenes
Prys: R302 (ligte verversings en drinkgoed ingesluit)
Produksie geborg deur Sappi en ondersteun deur Bohemian Groove Cafè, Silvermist Country Inn en Van Loveren-wyne
Die Sappi Boeke-*crawl* is ŉ moet vir feesgangers wat glo in die krag van die woord, hetsy dit ŉ greep uit ŉ roman is deur ŉ topskrywer, ŉ kortverhaal wat jou laat regop sit, of ŉ trefseker gedig. Voeg daarby musiek en die atmosfeerryke bergdorp Kaapsehoop en dit is kos vir die siel.
Die eerste stop is by Bohemian Groove Cafè waar Lerina Erasmus voorlees uit haar twee *Mannheim-sage*-boeke en *Leliemoordenaar*, die nuutste uit haar pen. Albert Frost se *blues* musiek roep iets op van vergetelheid en glans, meesterlik uitgevoer.
Dan stap ons na Long Creek Lodge, kry ŉ glasie Van Loveren-muskadel, en luister na die sang en digkuns van die Belgiese “ere-Afrikaner” Stef Bos.
Van daar beweeg ons na die Waenhuis by Silvermist Country Inn. Deon Lotz, gesoute akteur, lees kortverhale voor wat jou sal laat nadink, terwyl sanger Joe Black se rou rock-klanke die snykante daarvan verskerp.
Etienne van Heerden, onteenseglik die kroonprins van die Afrikaanse letterkunde, lees in die intieme kapel, die laaste halte, voor uit sy verhale. Saam met hom sorg Andriette dat die Sappi Boeke-*crawl* op ŉ hoogtepunt eindig.

Kinder Boeke-krôl

ATKV-Boeke-oase
Met Babalela, Mosaïek Opvoedkundige Sentrum, Acacia Preprimêr, Chirpy Baba- en Kleuter Sentrum, Bennie Boekwurm Speelgroep, Rainbow Kids Kleuterskool en Kabouterland kleuterskool.

Datum en tyd: Wo 5 Jul 9:00 en 12:00, Do 6 Jul 9:00 en 12:00 en Vr 7 Jul 9:00 en 12:00
Plek: Nelspruit Hoërskool Kultuursentrum Grasperk (ATKV-Boeke-oase)
Tydsduur: 60 minute
Gradering: Gesin
Prys: R82
Geborg deur SAPPI
'n Hele storiedorp om te ontdek! Hierdie opwindende produksie word vir die eerste keer aangebied en gaan die grootste boeke-pret wees vir kinders, want min dinge betower soveel soos 'n regte-egte storie... Binne die storiedorp is ses verskillende storietente en die kleingoed "krôl" saam met Babalela van die een na die ander om na verskillende voorleesstories te luister. Elke storietent word omskep in 'n fantasiewêreld om by die spesifieke boek te pas en sal die kinders se verbeelding aangryp. 'n Klein bederfie vir elke kind se goeters-sakkie *(goody-bag)* word by elke storietent uitgedeel. Die Kinder Boeke-krôl is gemik op 2-8-jariges, en word gelei deur ervare kleuterskoolpersoneel. Mammas en pappas kan gerus ontspan by die koffiewinkel by die ATKV-Boeke-oase of by die boekwinkel inloer terwyl die kinders meegevoer word na 'n wêreld vol stories. Boeke maak slim, en slim ouers weet dit!

ATKV-Boeke-oase

Nelspruit Hoërskool se nuutgeboude kultuursentrum gaan die nuwe tuiste vir die ATKV-Boeke-oase wees. Die ATKV-Boekwinkel met 'n groot verskeidenheid boeke gaan hier gehuisves word en al die boekgesprekke gaan hier plaasvind. As jy 'n boekliefhebber is en graag skouers met die skrywers wil stuur, is hierdie net die plek om te wees. Dit is ook die plek waar die splinternuwe Kinder Boekekrôl begin.
Daar is ook 'n heerlike koffiewinkel in die boomryke binnehof. Die ClemenGold uitstalling en ClemenGold gin-proe vind ook hier plaas. Maak beslis 'n draai by die ATKV-Boeke-oase!

ATKV-Boekgesprekke

ATKV-Boeke-oase

BOEKGESPREK: ZELDA ROWAN EN FRIEDEL HANSEN
Gesprekleier: Annemarie van der Walt
Venue: Kultuursentrum, Nelspruit Hoërskool
Datum en tyd: Wo 5 Jul 10:00
Tydsduur: 60 minute
Prys: R32
Delf 'n mens in die geskiedenis, is dit meermale doodgewone mense se moed en oorlewingsdrang wat verras en inspireer. Oorloë bied vanselfsprekend buitengewone uitdagings en die Anglo-Boereoorlog was geen uitsondering nie.
Zelda Rowan is die skrywer van *Nonnie de la Rey: Pionier van die Wes-Transvaal, 1856-1923* waarin sy die vrou van genl. Koos de la Rey se lewe beskryf. " 'n Lekker-leesboek met 'n objektiewe blik op die geskiedenis," aldus resensente.
In gesprek met Zelda is Friedel Hansen, oud-omroeper, met *Die Oorlog: 'n Fotoboek*. Friedel se speurtogte na ongewone en seldsame foto's uit die oorlog het soms verrassende wendings geneem en meer as een kleinnood in sy skoot laat beland.

BOEKGESPREK: BIBI SLIPPERS – FOTOSTAATMASJIEN
Gesprekleier: Annemarie van der Walt
Uitgewer: NB-Uitgewers
Venue: Kultuursentrum, Nelspruit Hoërskool
Datum en tyd: Wo 5 Jul 12:00
Tydsduur: 60 minute
Prys: R32
Bibi Slippers, wenner van die Eugène Marais-debuutprys vir digkuns vanjaar, klouter weekliks op die TV-kanaal Via in die bed met skrywers om hul skryf- en leesgeheime te ontbloot.
Dié keer is die rolle omgeruil: die gehoor kan saam met Bibi in die bed klim en haar die kuns afvra hoe sy dit regkry om van gedigte weer ’n *bestseller* te maak – *Fotostaatmasjien* het reeds ’n herdruk beleef, byna ongekend in die Afrikaanse boekbedryf – wat poëties is aan emoji’s, youTUBE-videos en Instagram-foto’s, en waarom sy onverklaarbaar behep is met alpakkas en skape.
watter weeksdag is die windhond? / mens wil dink ’n woensdag, / maar, nee: die windhond / is dunner, en ’n dinsdag, dus.

BOEKGESPREK: FRANS CRONJÈ – ’N TYDREISIGERSGIDS VIR SUID-AFRIKA
Gesprekleier: Theo Venter
Uitgewer: NB-Uitgewers
Venue: Kultuursentrum, Nelspruit Hoërskool
Datum en tyd: Wo 5 Jul 14:00
Tydsduur: 60 minute
Prys: R32
Frans Cronjé, bekende scenariobeplanner en skrywer van die blitsverkoper *A Time Traveller’s Guide to Our Next Ten Years*, besin hoe Suid-Afrika in 2030 gaan lyk. Waar gaan dit alles eindig, dié politieke hoogspanning, rommel-ekonomie en strate vol gefrustreerde Suid-Afrikaners? Wat moet in alles in ag geneem word om die toekoms vooruit te kan loop?
Theo Venter, politieke ontleder en kommentator van die Noordwes Universiteit, vra die vrae en bied bykomende perspektief. Kom neem deel aan dié stimulerende gesprek oor ’n onderwerp wat ons almal raak.

BOEKGESPREK: DOLF VAN NIEKERK – KRONIEK VAN TURF
Gesprekleier: Annemarie van der Walt
Uitgewer: Protea Boekhuis
Venue: Kultuursentrum, Nelspruit Hoërskool
Datum en tyd: Vr 7 Jul 10:00
Tydsduur: 60 minute
Prys: R32
In ’n kompakte verhaal met sy kenmerkende gestroopte vertelstyl, laat val Dolf van Niekerk in *Kroniek van turf* die fokus op grondbesitting. Dit begin by ’n VOC-amptenaar op ’n leningsplaas in die Roggeveld en sy seun, Johannes, wat hom eindelik op ’n plaas tussen die Riet- en Modderrivier in die Vrystaat vestig waar hy weer kontak maak met die Kousop-Boesmans. Tussen Johannes se nageslag en die Boesmans ontwikkel ’n vae, onsekere band wat oor meer as ’n eeu sou strek. Onverwags maak een van Johannes se nasate, Johan, tydens die Bosoorlog kennis met ’n Boesmanspoorsnyer wat ook ’n Kousop-nasaat blyk te wees en wat ’n bepalende rol in ’n grondeis op Johan se plaas tussen die twee riviere sou speel.

BOEKGESPREK: ERNS GRUNDLINGH - ELDERS

Gesprekleier: Annemarie van der Walt
Uitgewer: NB-Uitgewers
Venue: Kultuursentrum, Nelspruit Hoërskool
Datum en tyd: Sa 8 Jul 10:00
Tydsduur: 60 minute
Prys: R32

In Mei 2015 reis *Weg*-joernalis Erns Grundling na Europa om die Camino Francés, die bekende en gewilde pelgrimstog in Spanje, op sy eie te gaan stap. Hy is onvoorbereid, oorgewig, beseer en onfiks. Daarby is hy volledig ontnugter deur homself, die liefde en die lewe self.

Elders vertel die verhaal van sy staptog van een duisend vyf en twintig kilometer oor veertig dae, wat hy sonder ’n selfoon, kamera of horlosie aanpak en sodoende die betekenis en beloning ontdek van om in die oomblik te leef.

Hierdie is ’n ongewone boek – ’n reisverhaal en memoir wat behalwe vir ’n fisieke avontuur ook ’n deernisvolle blik bied op die ewe kosbare binnereis.

CLEMENGOLD

CLEMENGOLD WOORDE INNITUIN

Met Etienne van Heerden, Dolf van Niekerk, Laurinda Hofmeyr, Schalk Joubert, Kevin Gibson
Programleier: Annette Engelbrecht
Datum en tyd: Vr 7 Jul 12:00
Plek: Suikerbossie-teetuin, Barbertonpad (R40)
Tydsduur: 140 minute
Gradering: Volwassenes
Kaartjieprys: R157 (ligte verversings en drinkgoed ingesluit)
Produksie geborg deur ClemenGold.

Etienne van Heerden, meermalige Hertzog-pryswenner, is vir die eerste keer by Innibos en stel sy nuwe boek *Die wêreld van Charlie Oeng* bekend. Soos in sy vorige romans beloof hierdie een om lesers onder die ban van ’n veelvoud onvergeetlike plekke en karakters te bring. Kom luister na ’n meester in die skryfkuns, wat in sy eie woorde meen: “Wat ek wel weet, is dat jy nog dink dat jy jou boeke skrywe, maar op ’n stadium besef jy: jou boeke het *jou* geskryf.”

Dolf van Niekerk, skrywer van onder meer die klassieke *Die son struikel, Skrik kom huis toe* en *Die Haasvanger*, het pas op 88-jarige leeftyd ’n nuwe novelle die lig laat sien. Die voorafgaande vrugte uit sy pen was drie sterk digbundels, nadat hy in vroeëre jare ook toneelstukke, draaiboeke en hoorbeelde geskryf het. Innibos vereer hom graag vir sy bydrae tot die Afrikaanse skryfkuns.

Die beste manier om die werk van Laurinda Hofmeyr te beskryf, is as musikale interpreteerder van gedigte. Sedert haar eerste CD in 2000, *Perd oor die maan*, tot die nuutste, *wat ek wou sê*, het sy ’n wye verskeidenheid Afrikaanse gedigte getoonset en dit op hierdie manier na ’n groter gehoor gebring. Saam met haar is Schalk Joubert op baskitaar en Kevin Gibson op perkussie. Schalk en Kevin tel onder die topmusikante in die land op hul onderskeie gebiede.

Annette Engelbrecht is die seremoniemeester wat die vloei van die gesellige buitelug-funksie sal verseker. Sy sal ook enkele van Dolf van Niekerk se gedigte en fragmente uit sy prosa vertolk.

ClemenGold Woorde Innituin is kos vir die siel vir die fynproewers van die woord. Moenie dit misloop nie!

CLEMENGOLD GIN-PROE

Met ClemenGold jenewer-spesialiste (Charlene Nieuwoudt en Willem Kieviet) en kunstenaars Natascha C en Henry-John Williams
Datum en tyd: Do 6 Julie om 11:00 en 14:00
Plek: Hoërskool Nelspruit Kultuursentrum (ATKV Boekeoases)
Gradering: Volwassenes
Tydsduur: 60 minute
Prys: R52
Geborg deur ClemenGold

Gin is deesdae op die tippie van almal tonge en boonop met ’n onverwagse geurige kinkel of twee daarby! Kom proe saam aan die splinternuwe ClemenGold Gin wat einde verlede jaar bekendgestel is. Vanselfsprekend is die sonryp geur van ClemenGold sitrus toonaangewend in dié gin. Dit word aangevul met kaneel, heuning, gemaalde amandel, jenewerbessies, engelkruid, iriswortel en koljander wat noukeurig deur Hope on Hopkins Distilleerdery in Kaapstad tot ’n gin vir fynproewers gedistilleer word. En klink tiemie as ’n gin-pasmaat vreemd? Kom proe en besluit self! Die proeëry word afgewissel met *Storie en Lied* deur die Laeveldse kunstenaars Natascha C en Henry-John Williams. Natascha C sing buiten haar eie lirieke ook dié van onder andere Édith Piaf, met Henry-John as begeleier. Breek ’n bietjie weg van die roesemoes, en word gin-wys!

CLEMENGOLD BOERDERY-TOER

Met megaboere Abraham van Rooyen en Willem Kieviet
Datum en tyd: Sa 8 Jul 10:00
Plek: Indigo Fruit Farming, R538 na Kruger Mpumalanga Internasionale-lughawe
Bus optelpunt: Nelspruit Hoërskool Kultuursentrum (ATKV-Boeke-oase)
Gradering: Gesin
Tydsduur: 240 minute
Prys: R202
Boerdery-toer geborg deur ClemenGold

Die Laeveld en sitrus is sinoniem met mekaar, en megaboer Abraham van Rooyen en sy personeel gaan tydens dié plaastoer onder meer vertel hoe daar vorentoe geboer word met verskillende kultivars.
Daar is vier stopplekke tydens die plaastoer. Die eerste stop is by die onderstam-evaluasieblok. Onderstamme speel ’n belangrike rol in sitrusproduksie, en elke tipe onderstam het kenmerkende eienskappe wat van kultivar tot kultivar verskil.
Die volgende stop is by die twee jaar oue boompies. Hier gaan ons gesels oor watter bestuurspraktyke gevolg word om die jong bome so gou moontlik in produksie te kry en dit volhoubaar te doen.
Die derde stop is by volwasse sitrusbome waar snoei- en bemestingspraktyke verduidelik sal word, sowel as die oes- en na-oeshantering van die vrugte. Hier kan elkeen ook 2 kg se vrugte pluk om huis toe te neem.
Die laaste stop is by die dam vir ’n ClemenGold Gin-proe. Tussendeur die proe sal algemene vrae rakende ClemenGold en nuwe sagte sitrus kultivars deur megaboere Abs van Rooyen en Willem Kieviet beantwoord word.
Dié boerdery-toer beloof om ’n gunsteling te wees en die ideale geleentheid om die boer die kuns af te vra!